

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 3 No 3 September 2009

Die kwartaallike personeelblad vir die mense van die NWU

Koning aangewys as nuwe Kanselier van die Noordwes-Universiteit

Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi, Koning van die Koninklike Bafokeng-nasie, is die nuwe Kanselier van die NWU. Eish! het meer gaan uitvind oor die Koning, die Koninklike Bafokeng-nasie, en hoe die Universiteit gaan voordeel trek uit sy aanwysing.

Kgosi Molotlegi is op 19 Junie 2009 tydens 'n Raadsvergadering as tweede Kanselier van die NWU verkies. Hy het die aanwysing op 14 Julie aanvaar.

Die Koning het waardering uitgespreek vir sy aanwysing as Kanselier en gesê dat hy daarna uitsien om met die bestuur van die NWU saam te werk om 'n positiewe bydrae te maak.

Hy is die opvolger van dr Popo Molefe wie se ampstermyn as Kanselier van die NWU op 31 Mei 2009 verstryk het. Dr Molefe was die eerste Kanselier ná die samesmelting in 2004.

Die Kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken alle grade toe in die naam van die Universiteit.

Kgosi Molotlegi sal later vanjaar by 'n prestige-geleentheid ingehuldig word.



Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi, nuwe Kanselier van die NWU.

NWU derde jaar bes bestuurde universiteit

Die NWU doen dit weer! Vir die derde agtereenvolgende jaar het die Universiteit die PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuurtoekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig verower.

Dit is op 25 Augustus 2009 tydens PricewaterhouseCoopers se jaarlikse konferensie oor hoër onderwys in Port Elizabeth bekend gemaak. Lees gerus die artikels op die NWU se webwerf en personeel-intranet vir meer inligting hieroor.

'n Waardige Kanselier

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, is baie opgewonde oor die aanwysing van Kgosi Molotlegi as Kanselier van die Universiteit.

Hulle het mekaar al by verskeie geleenthede in die verlede ontmoet, en dr Eloff glo dat hierdie energieke man 'n waardige Kanselier sal wees.

Hy het bygevoeg dat Kgosi Molotlegi se hoë aansien die aansien van die NWU sal verhoog.

"Hoewel die Kanselier se rol seremonieel van aard is, sal sy aanwysing sonder twyfel waarde toevoeg, byvoorbeeld deur sy teenwoordigheid by gradeplegtighede en amptelike opening- en afsluitingsereenies van die Universiteit."


Dr Eloff het daarop gewys dat die NWU goeie verhoudings met die Bafokeng-nasie het.

Vervolg op bladsy 2

Lees hier!

2008-jaarverslag
vier innovasie
deur diversiteit

5



Kursus vir
Gebaretaaltolke
'n eerste vir NWU

7



Industriële
teater
'n treffer

9



Koning aangewys as nuwe Kanselier van die Noordwes-Universiteit

Van bladsy 1

“Hulle het ons al by verskeie geleenthede genader vir professionele advies, veral met betrekking tot die ontwikkeling van ’n nuwe sportsentrum naby Phokeng. Hulle is ook betrokke by Luiperd Rugby, en dus ook by die Rugby-instituut op die Potchefstroomkampus. Ons is ook besig met samesprekings oor hul toekomstige betrokkenheid by die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus.”

Borge

Die Koninklike Bafokeng-nasie het al as borg opgetree vir verskeie akademiese en sportaangeleenthede – soos byvoorbeeld die NWU 54 Classic-gholfdag, waarvan die opbrengs aangewend word vir die Ete-per-Dag-projek op al drie kampusse.



Kgosile Molotlegi is in 2003 gekroon as die regeerder van die Bafokeng-nasie.

Strategiese eerste

In ’n ander strategiese eerste vir die NWU studeer vyftien studente van die Bafokeng-nasie tans aan die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus. Sommige van

die programme word vir hierdie studente in Setswana aangebied, terwyl die ander met die hulp van die NWU se klaskamertolkdienste na Setswana of Engels getolk word. Die studente beplan om eendag in Setswana klas te gee en sodoende moedertaalonderrig te bevorder.

’n Besondere nasie

Die 41-jarige Kgosile Leruo Molotlegi het in Augustus 2003 die troon bestyg as die 36ste opperheerser van die 800 jaar oue Bafokeng-koninkryk. Hy is die derde van ses kinders en is deur geboorte en die Bafokeng se erfopvolgingsreg die wettige troonopvolger.

Kgosile Molotlegi is ’n alumnus van Hilton Kollege in Natal en het ’n graad in Argitektuur en Stadsbeplanning aan die Universiteit van Natal verwerf. Hy is ook ’n vastevlerkvliegtuig- en rotortuigloods en is ’n erelid van die Suid-Afrikaanse Lugmag.

Die ongeveer 300 000 lede van die Bafokeng-nasie woon in die Phokeng-gebied naby Rustenburg. Hulle is waarskynlik die rykste nasie in Afrika, met van die grootste platinumneerslae ter wêreld op die 2 000 vierkante kilometer grond wat aan hulle behoort.

’n Stukkie lente-energie vir die laaste rondte

Die lente is in die lug, ’n kort reses is op hande en ons ervaar ’n bietjie lente-energie en entoesiasme om die laaste paar maande van 2009 aan te pak. Hierdie hernude energie sal handig te pas kom, want dit is nou die tyd om seker te maak dat doelwitte vir 2009 bereik, projekte afgehandel en nuwe doelwitte vir 2010 gestel is.

Aan die voerpunt

Gedurende die afgelope paar maande het verskeie belangrike aanstellings op die NWU se agenda verskyn. Eerstens is ons Visekanselier, dr Theuns Eloff, aangestel as die Voorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU), nadat hy vir die vorige twee jaar as Visevoorsitter gedien het. Aangesien dr Eloff ook die Voorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika is, sal hoër onderwys in Suid-Afrika weer eens wêreldwyd aan die voerpunt wees, en waardevolle geleenthede vir internasionalisering aan die NWU geskep word. (Lees meer hieroor in die berig op bladsy drie.)

NWU se status verhoog

Nog ’n belangrike aanstelling was dié van Kgosile Leruo Tshakedi Molotlegi, Koning van die Koninklike Bafokeng-nasie, as die NWU se nuwe Kanselier. Die statuut van Kgosile Molotlegi sal ongetwyfeld die status van die Universiteit verhoog. (Vir meer besonderhede, lees die berig op bladsy een.)

Nuwe rektore

Twee ander toekomstige aanstellings wat aandag geniet het, is dié van die rektore van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus. Daar word verwag dat hierdie aanstellings by die November-vergadering van die NWU-Raad gemaak sal word. Dit val saam met die einde van die ampstermyne aan die einde van Desember van die huidige rektore, prof Annette Combrink (Potchefstroom) en prof Piet Prinsloo (Vaaldriehoek) later vanjaar. Alhoewel dit vir enige organisasie voordelig is om nuwe bloed by sy personeel te voeg, is dit ook ’n feit dat hierdie twee rektore se ervaring en kundigheid ’n groot leemte sal laat.

Deel van die groter prentjie

In hierdie uitgawe van Eish! is ook berigte wat toon dat die NWU deel is van die groter prentjie in Suid-Afrika. Ons het byvoorbeeld ’n maatskaplike verantwoordelikheid om ons kundigheid aan te wend om die gemeenskap op te hef. Die NWU se Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling is nie net ’n baie doeltreffende manier om toegang te verkry tot die kundigheid binne die NWU nie, maar dien ook as oop netwerkplek vir alle belanghebbendes wat belang stel in gemeenskapsopheffing en -ontwikkeling (bladsy ses.)

Die NWU het sy toegewytheid om oplossings te vind vir probleme waarvoor die gemeenskap te staan kom verder gedemonstreer deur kursusse

vir Gebaretaaltolke aan te bied (bladsy sewe). Die twee kursusse, ’n inleidende en ’n gevorderde kursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), is in Augustus 2009 in Potchefstroom aangebied.

Saam in die stryd

Die Universiteit is ook deel van die stryd teen HIV/Vigs en het aan ’n konsortium die groen lig gegee om ons te help om ’n werkplekprogram te ontwikkel en toepaslike mense- en finansiële hulpbronne aan die projek toe te wys. Lees meer hieroor in die artikel op bladsy 15.

Met slegs ’n paar maande van 2009 oor, moet ons almal toegewyd werk om die doelwitte te bereik wat ons aan die begin van die jaar vir onself gestel het. Eish! wens almal ’n rustige en verkwikkende reses toe.

Vriendelike groete,
Nelia Engelbrecht



Dr Eloff lei tersiêre onderwys plaaslik en internasionaal



Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, is in Julie 2009 gekies as Voorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) nadat hy vir die afgelope twee jaar as Visevoorsitter van die liggaam gedien het. Eish! het met hom gepraat oor sy aanstelling, sy onlangse langverlof en die NWU se fokus vir die res van die jaar.

Danksy sy verkiesing as Voorsitter by die jaarvergadering van die ACU in Kuala Lumpur in Maleisië, staan dr Eloff nou aan die hoof van tersiêre onderwys in die Statebondslande en ook in Suid-Afrika, aangesien hy ook die huidige Voorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) is.

Dr Eloff, wat in Julie na die NWU teruggekeer het na drie maande langverlof, sê hy is dankbaar en geëerd dat hy as voorsitter van die ACU gekies is, en hy glo dat sy aanstelling verskeie strategiese voordele vir die land en die NWU inhou.

“Daar is ongeveer vyfhonderd lede-instellings in die ACU, en dit gee my die geleentheid om kosbare netwerke te bou en in stand te hou en om die NWU te bevorder,” het hy gesê. “By die vergadering in Kuala Lumpur het verskeie rektore my byvoorbeeld oor die NWU uitgepra, en ek kon hulle oor ons universiteit inlig en waardevolle nuwe bande smee.”

Dr Eloff sê dat die NWU baie goed met die ander lede-instellings vergelyk. “Ons missie om ’n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te wees, onderskei ons, aangesien talle ander universiteite óf op die een, óf die ander element fokus.”

Rustyd

Dr Eloff het tydens sy langverlof tyd op die familie se bosveldplaas deurgebring, asook ’n week by die see en talle genotvolle ure op die gholfbaan. Hy het ook baie gelees en navorsing gedoen vir ’n artikel oor die rol van die Suid-Afrikaanse

sakesektor vyftien jaar ná demokrasie.

“Ek is genooi om hierdie hoofstuk te skryf vir ’n boek wat deur akademici van die universiteite van Yale, Kaapstad en KwaZulu-Natal saamgestel word,” sê hy. Hierdie boek sal later hierdie jaar in die VSA gepubliseer word.

Hy het ook tydens sy langverlof plaaslike universiteite besoek, soos die Universiteite van Stellenbosch en die Wes-Kaap, asook buitelandse instellings soos die Vrije Universiteit van Amsterdam, die Universiteit van Utrecht, die Universiteit van Oxford en die Open University in die Verenigde Koninkryk.

Die NWU was egter nooit heeltemal uit sy gedagtes nie. “Ek het tot die oortuiging gekom dat ons die afgelope vyf jaar sedert die same-smelting werklik goed gevaar het. Van die beste nuus wat ek tydens my langverlof gekry het, was dat die navorsingsuitset tot 510 toegeneem het en dat ons in 2008 die beste voorgraadse slaagsyfer ooit gehad het, naamlik 81,2%.

Behou fokus

Dit is vir dr Eloff belangrik dat die NWU tydens die laaste maande van 2009 aanhou fokus op onderrig-leer en navorsing, en probeer om selfs hoër hoogtes te bereik. Nog ’n prioriteit vir die res van die jaar is dat lynbestuurders aanhou om die gapings te oorbrug wat vroeër hierdie jaar tydens die institusionele oudit deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee geïdentifiseer is.

“Ons moet ook seker maak dat ons gesonde finansiële praktyke handhaaf en binne ons

begroting bly. Soos ons almal weet, is die wêreldekonomie in die verknorsing en die NWU sal nie hierdie werklikheid kan ontglip nie,” sê dr Eloff.

Nog ’n uitdaging wat die NWU gedurende die laaste maande van 2009 in die gesig staar, is die suksesvolle aanstellings in die poste van twee kampusrektore, prof Annette Combrink van die Potchefstroomkampus en prof Piet Prinsloo van die Vaaldriehoekkampus. Nog ’n sleutelposisie wat gevul moet word, is dié van prof Daan van Wyk, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning op die Potchefstroomkampus. (Vir meer inligting, lees die berig op bladsy vier)

Die toekoms

Volgens dr Eloff het sy langverlof ook gedien as ’n ontwikkelingstydperk vir nuwe idees oor die strategiese rigting van die NWU vir die volgende vyf jaar. “Hierdie nuwe strategiese gedagtes sal gedurende die res van hierdie jaar verder ondersoek en met die bestuur bespreek word. Regdeur hierdie proses sal ons egter aanhou om ons kernbesigheid te beskerm en uit te brei, terwyl ons op volhoubare transformasie fokus.”

Die toekoms hou ook vir dr Eloff ’n nuwe dimensie in, aangesien hy tydens sy langverlof vir die eerste keer oupa geword het. Die tweelingdogtertjies, Chrizzette en Emmerie, is nou amper vyf maande oud. “Dit is ’n wonderlike ervaring om ’n oupa te wees,” sê dr Eloff trots, en bieg dat hy tipiese oupa-gedrag openbaar wanneer die twee naby is ...

Nuwe rektors vir twee kampusse in 2010

Die NWU gaan die jaar 2010 begin met splinternuwe rektors in Potchefstroom sowel as Vanderbijlpark.

Die nuwe rektors sal na verwagting aangewys word op die NWU se Raadsvergadering in November 2009 ná die aftrede van die twee huidige rektors, prof Annette Combrink (Potchefstroom) en Piet Prinsloo (Vaaldriehoek).

Prof Combrink tree formeel af aan die einde

van 2009, en prof Prinsloo se tweede termyn verstryk op 30 September 2009. Die proses vir die vul van hierdie twee belangrike posisies sal gelyklopend hanteer word en beide aanstellings sal tydens die Raadsvergadering van November 2009 gemaak word. Om dié rede is prof Prinsloo gevra om as Kampusrektor waar te neem vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 2009.

As deel van die proses soos voorgeskryf in die NWU se Statuut en Reëls het 'n Soekkomitee van die Raad 'n advertensie opgestel wat in Augustus 2009 in verskeie koerante verskyn het.

Hierdie Komitee bestaan uit eksterne lede van die Raad, die Visekanselier, dr Theuns Eloff, en die Institusionele Registrateur, prof Themba Mosia. Die Raad se Soekkomitee is ook besig met die finalisering van 'n kortlys vir oorlegpleging met die verskillende strukture, insluitende kampsenaatskomitees, die Senaat en die Institusionele Forum (IF).

Die onderhoude met die kandidate sal vroeg in November plaasvind en die onderhoudskomitee, wat 'n lid van die Senaat sowel as die IF insluit, sal op 20 November 'n aanbeveling aan die Raad maak.

Dr Eloff doen 'n beroep op personeel om vertroue te stel in die proses en waar toepaslik daaraan deel te neem sonder om die belangrike dag-tot-dag-take uit die oog te verloor. "Die beste manier om eer te betoon aan ons twee kollegas wat die grootste deel hul lewens aan hierdie Universiteit gewy het, is om seker te maak dat hul laaste jaar in die pos suksesvol sal wees wat betref onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid."

Afskeidsgesellighede vir die uittredende rektors sal op kampus- sowel as institusionele vlak gehou word.

Soos reeds genoem in die eerste Eish! van 2009 beplan prof Piet Prinsloo om ná sy uittrede betrokke te wees by die totstandbrenging van 'n gemeenskapsontwikkelingsnetwerk vir die Vaaldriehoek-kampus en -streek. In die laaste Eish! van 2009 sal u meer kan lees oor prof Annette Combrink se toekomsplanne.



Prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoek-kampus



Prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroom-kampus

NWU kry hupstoot vir navorsing

Die NWU het onlangs 'n ooreenkoms wat landwyd as die eerste van sy soort uitstaan onderteken met die maatskappy Sasol Technology.

Die unieke navorsingsooreenkoms dien as raamwerk vir groter samewerking op onderskeie gebiede. Dit behels ener syds dat die Universiteit self projekte vir navorsing kan identifiseer en andersyds dat die maatskappy projekte kan identifiseer soos wat die behoefte ontstaan.

Die omvattende ooreenkoms is voorafgegaan deur twee jaar se onderhandelings waartydens 'n verskeidenheid aspekte onder die vergrootglas geplaas en deurtrap is.

Die navorsingsooreenkoms is van toepassing op al drie die kampusse en sluit terselfdertyd navorsers van al dié kampusse in. Van die vernaamste projekte tans is hoofsaaklik by die fakulteite ingenieurswese en natuurwetenskappe gesetel.



Voor vanaf links is prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus van die NWU, mnr Johan Nel en dr Sven Godorr, onderskeidelik Sasol Technology se Bestuurder van Tegnologie en Bestuurder van Navorsing en Ontwikkeling, tydens die ondertekening van die ooreenkoms. Agter vanaf links is me Elani Engelbrecht van die NWU se Regskantoor, en Potchefstroom akademië: prof Albert Helberg, waarnemende Dekaan van Ingenieurswese, prof Christien Strydom van Fisiese en Chemiese Wetenskappe, prof Kobus Pienaar, Dekaan van Natuurwetenskappe, en prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie.

2008-jaarverslag vier innovasie deur diversiteit

Die NWU se slagspreuk “Innovasie deur diversiteit” was die tema van die 2008-jaarverslag. Dit is ‘n duidelike toonbeeld van hoe die diverse en unieke talente aan die Universiteit gedurende die jaar ingespan is om uitdagings die hoof te bied, die kernbesigheid tot nuwe hoogtes te voer en die een toekenning na die ander op te raap.

Hoewel die NWU gedurende 2008 voor verskeie uitdagings te staan gekom het, is dit duidelik uit die Jaarverslag, wat op 30 Junie 2009 aan die Departement van Onderwys voorgelê is, dat 2008 een van die beste jare tot nog toe was. Die Universiteit het talle van sy eie prestasietekens oortref en van die mees gesogte toekennings in die hoëronderwysomgewing verower.

Hierdie toekennings sluit in Pricewaterhouse-Coopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys, die toekenning vir die Mees Technologies Innoverende Hoëronderwysinstelling in die Nasionale Innovasiefonds-kompetisie, en ‘n spesiale toekenning vir die NWU se dekade lange bydrae tot meertaligheid en nasiebou van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT).

Hierdie prestasies het hand-aan-hand gegaan met voortgesette verbeterings in die Universiteit se kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid, sowel as in sy finansiële stand. Aan die einde van 2008 het die NWU vir die vyfde agtereenvolgende jaar ‘n netto surplus opgelewer, naamlik R71 miljoen.

Die regte keuses

“As ons die 2008-resultate met dié van 2004 (die eerste jaar van die nuwe instelling) vergelyk, kan daar onomwonde gesê word dat die NWU gedurende die afgelope vyf jaar die regte strategiese keuses gemaak het,” het dr Theuns

Eloff, Visekanselier, gesê.

‘n Goeie voorbeeld hiervan is onderrig-leer aan die NWU. Die voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) het van 75,2% in 2004 tot 81,2% in 2008 toegeneem. Altesaam 12 337 grade is in 2008 toegeken – dit verteenwoordig ‘n styging van 21,7% sedert 2004 (9 657).

Navorsing het ook ‘n aantal hoogtepunte behaal. Die totale navorsingsuitset-eenhede het met 29% toegeneem, van 798 in 2004 tot 1 089 in 2008, terwyl die aantal NNS-gegradeerde wetenskaplikes met 29% toegeneem het, van 73 in 2004 tot 103 in 2008.

Die 2008-jaarverslag onderstreep ook die implementering van kundigheid as ‘n onderskeidende kenmerk van die NWU. Die aantal geregistreerde patente het met 61% toegeneem, van 18 in 2004 tot 29 in 2008, terwyl derdegeldstroominkomste met 108,7% toegeneem het, van R311 miljoen in 2004 tot R649 miljoen in 2008.

Doeltreffende bestuur

Doeltreffende bestuur en volhoubare transformasie is twee ander betekenisvolle elemente in die Jaarverslag. Hoogtepunte sluit die volgende in:

- Die tweede fase van die handelsmerk-uitrolplan het momentum verkry met die aanvaarding van die nuwe slagspreuk “Innovasie deur diversiteit”.
- Die Loopbaansentrum het goeie vordering

gemaak en ‘n teenwoordigheid is op elk van die kampusse gevestig.

- ‘n Nuwe Leierskapsakademie is tot stand gebring met die oog op die verskaffing van omvattende opleiding aan bestuurders.
- Die NWU se selfevalueringsportefeulje vir die 2009-HOKK-oudit is gefinaliseer en vroeg in Desember 2008 aan die HOKK voorgelê.
- Daar is gereeld aan die Raad en sy komitees verslag gedoen oor indiensnemingsgelykheid. Dit het die herberekening van teikens tot gevolg gehad, ten einde te verseker dat dit realities en haalbaar was binne die voorgeskrewe tydsraamwerke.
- Daar is heelwat gedoen om ‘n institusionele etos te ontwikkel wat interkulturele verdraagsaamheid bevorder. Hierdie pogings sluit in dat erkende kundiges op die gebied van menseregte genooi is om lesings aan studente sowel as personeel te lewer, en die voltooiing van ‘n Diversiteitshandves wat bindend sal wees vir alle lede van die Universiteitsgemeenskap.

Dr Eloff het daarop gewys dat dit duidelik uit die jaarverslag blyk dat ons ses missie-elemente met die NWU se filosofie ooreenstem: “Ons fokus op ons kernbesigheid; ons doen dit omdat ons waardegedrewe is; ons ondersteun dit met goeie en doeltreffende bestuur; en ondertussen is ons besig om te transformeer en om by veranderende omstandighede aan te pas.”

Die 2008-jaarverslag is op die NWU se webwerf beskikbaar.

Dit is duidelik dat die NWU se strategie om stabiliteit in ons kernbesigheid te verseker terwyl ons instelling op ‘n beplande en volhoubare wyse getransformeer word in ooreenstemming met die doelwitte soos in die Institusionele Plan uiteengesit, besig is om vrugte af te werp. Die volgende tabel demonstreer dit grafies:

	2004	2005	2006	2007	2008
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,2%	78,8%	78,4%	79,5%	81,2%
Gradueringsyfer (getal grade as % van totale studentetal)	24%	20%	25%	25%	26%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583
PhD’s toegeken	87	85	110	124	100
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	275	326	361	376	510
Totale navorsingsuitset*	798	865	1 074	1 061	1 089
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103
Totale begroting	R953m	R1,080m	R1,253m	R1,420m	R1,650m
% inkomste vanaf regering	45,1%	43,2%	42,8%	39,8%	40,0%
Selfgegenereerde inkomste	R311m	R371m	R441m	R578m	R649m
Finansiële surplus/tekort	R14,7m	R68,7m	R71m	R85m	R71m
Infrastruktuur: makro-instandhouding	R20,9m	R17,8m	R32,1m	R54,1m	R50,3m
Kapitaalbesteding aan nuwe geboue	R5,9m	R29,3m	R44,5m	R46,8m	R46,2m

* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD’s maal drie en publikasies in (insluitende ‘n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)

Regering wil gemeenskappe ophef

Die NWU is reeds betrokke by meer as 200 gemeenskapsontwikkelingsprojekte – die Universiteit se kundigheid op die gebied is dus in groot aanvraag. Verteenwoordigers van die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het die Universiteit onlangs besoek met die oog op moontlike toekomstige samewerking met die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling (FDSO). Eish! het me Bibi Bouwman, Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid genader vir meer inligting oor die besoek en oor die FDSO se rol in gemeenskapsopheffing.

Twee senior verteenwoordigers van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het besoek gebring aan die NWU, en spesifiek die FDSO, om inligting te verskaf oor die Departement se strategie en om gemeenskaplike belange te identifiseer. Die twee amptenare was mnr Peter Netshipale, Hoofdirekteur: Organisasies sonder winsoogmerk, en mnr Mbulaheni Malaudzi, Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling.

“Sleutelkwessies wat hanteer moet word, is geïntegreerde ontwikkeling vir die arm en weerlose mense in ons samelewing, maatskaplike kohesie, steun van die burgerlike samelewing, nakoming en korporatiewe bestuur in organisasies sonder winsoogmerk,” het me Bouwman tydens die besoek gesê.

Maar waarom sou die Departement met die FDSO wou saamwerk? Volgens me Bouwman is dit omdat die FDSO ‘n baie doeltreffende manier is om toegang te verkry tot die kundigheid binne die NWU.

Die FDSO het in 2008 tot stand gekom as gesamentlike inisiatief van die NWU se Kantoor vir Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling,

die Kantoor vir Gemeenskapsbetrokkenheid en ander interne belanghebbendes. Dit is ‘n oop netwerkplek vir alle belanghebbendes, veral binne die NWU en in die onmiddellike omgewing, wat belang stel in gemeenskapsopheffing en -ontwikkeling.

“Belanghebbendes sluit in organisasies sonder winsoogmerk, welsynsorganisasies, plaaslike en provinsiale regeringsdepartemente, en die korporatiewe en private sektor,” sê me Bouwman.

Die Forum is daarop gerig om voornemende private vennote uit te bring by toepaslike gemeenskapsuitreikprojekte wat van die Universiteit se kundigheid gebruik maak om sosio-ekonomiese uitdagings die hoof te bied. Almal baat daarby: gemeenskapsontwikkelingsgroepe, die gemeenskap en besighede.

‘n Helpende hand

“Deur benutting van die Universiteit se enorme kundigheid poog ons om optimale dienste te lewer om mense te bemagtig sodat hulle kan voortgaan wanneer ons nie meer daar is om

te help nie,” sê me Bouwman. “Ons probeer met ander woorde om ‘n langtermynimpak te verseker met die klem op die ontwikkeling van entrepreneurs wat ‘n ekonomiese en maatskaplike verskil in ons gemeenskap gaan maak.”

‘n Voorkeurvennoot

Die Forum se aktiwiteite bevoordeel ook die sakesektor. “As ‘n potensiele voorkeurvennoot kan ons die maksimum opbrengs op beleggings verseker vir maatskappye wat hul korporatiewe maatskaplike beleggingsfondse op maatskaplike ontwikkeling bestee.”

Hoe om te organiseer

Daarbenewens beoog die Forum ook om groot en klein gemeenskapsontwikkelingsgroepe van raad te bedien oor hoe om hulself vir fondswerwing te organiseer, sosio-ekonomiese beleggingstrategieë op te stel, voorstelle te skryf en in die praktyk te implementeer, beste praktyk te deel, vordering te monitor en finansiële verslae en aanbiedings op te stel.

Kontakbesonderhede

Vir verdere inligting, kontak gerus me Bibi Bouwman by (018) 299 4935; e-pos: Bibi.Bouwman@nwu.ac.za, of mev Maria Mopelong by (018) 299 4967; e-pos: Maria.Mopelong@nwu.ac.za.



Verskeie NWU-personeellede van die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling (FDSO) het die besoekers ontvang. Agter is mnr Glenn Hocking, mnr Peter Netshipale (Hoofdirekteur: Organisasies sonder winsoogmerk, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling), me Mari Nienaber, me Pertunia Thulp, mnr Maribe Mamabolo, mnr Mbulaheni Malaudzi (Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling), mnr Izak Hlungu, me Nontobeko Mbhele, me Lucia Mandlane en me Corrie Engelbrecht. Voor van links na regs is me Bibi Bouwman, me Maria Mopelong, mnr Simon Afrika, mnr Junior Kwenza en mnr Hendri Coetzee.

Gebaretaaltolkkursus nog 'n eerste vir NWU

In 'n wedersydse voordelige vennootskap het die NWU se Taaldirekoraat en die Dowe Federasie van Suid-Afrika ("DeafSA") onlangs saamgewerk om twee kursusse vir Gebaretaaltolke aan te bied. Dit was 'n eerste vir die NWU.

Die eerste kursus, 'n gevorderde tolkkursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), is van 3 tot 7 Augustus 2009 in Potchefstroom aangebied, en die tweede, 'n inleidende kursus, van 10 tot 14 Augustus 2009, ook in Potchefstroom.

Een van die aanbieders, mnr Francois Deysel, is 'n bekende gesig, aangesien hy dikwels as 'n tolk op televisie optree. Hy tolk vir 'n Dowe parlamentslid en is ook in diens van DeafSA.

Mnr Johan Blaauw en me Ananda van der Walt van die NWU se Taaldirekoraat was medeaanbieders en was ook by die opstel van die kursuskurrikulum betrokke. Me Van der Walt is 'n gekwalifiseerde SAGT-tolk. Me Trudie Visser, wat die werksverhouding tussen DeafSA en die NWU geïnisieer het, is die nasionale tolk van DeafSA en was ook 'n medeaanbieder.

Hierdie kredietdraende kortkursusse is deur die NWU se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde goedgekeur.

Beide DeafSA en die NWU vind baat by hierdie onderneming, sê prof Marlene Verhoef, Direkteur van die Taaldirekoraat. "DeafSA se opleiding is nou geakkrediteer, terwyl ons in die geleentheid gestel word om, benewens ons omvattende gesproketaal-tolkdienste, ook by Gebaretaaltolking betrokke te raak. Ons verdien ook waardevolle derdegeldstroom-inkomste vir die Universiteit."

Die Taaldirekoraat het reeds met informele, ondersoekende samesprekings met die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus begin, met die oog op die insluiting van SAGT as nog 'n taalopsie wat deur die Skool gebied word. Die

moontlikheid om 'n akademiese program te bied wat toeganklik is vir Dowe studente word ook ondersoek. Die NWU sal dan Dowe studente vir sulke programme werf en klaskamertolking aan hulle beskikbaar stel.

Die 14 gevorderde en 24 beginnertolke wat die onlangse kursusse bygewoon het, is almal by DeafSA geregistreer en is van verskeie provinsies afkomstig, insluitende Limpopo, Noordwes, Wes-Kaap, Vrystaat en Gauteng.



Een van die aanbieders, mnr Francois Deysel, kommunikeer in Gebaretaal met die deelnemers in die gevorderde SAGT-kursus.



Me Ananda van der Walt, 'n tolk van die NWU se Taaldirekoraat en medeaanbieder van die kursus vir SAGT-tolke, in gesprek met medeaanbieder, mnr Francois Deysel, van DeafSA.

Het jy geweet?

- SA-gebaretaal is 'n erkende taal, benewens Suid-Afrika se 11 amptelike tale.
- Vir Dowe mense is Gebaretaal hul eerste taal.
- Ons het nie tans enige Dowe studente by die NWU nie, maar daar is 'n paar hardhorende studente wat op lipleses staat maak.
- Gebaretaaltolke moet hul by streng etiese kodes hou wat vir hul beroep in plek gestel is.
- Gebaretaaltolke met ligte velle dra effekleurige donker klere, verkieslik swart, of andersins donkerbruin of vlootblou, om kontras te bewerkstellig en die sigbaarheid van hul hande te verhoog. Gebaretaaltolke met donker velle dra ligte kleure, soos wit, geel of beige.

Judy hou die leisels stewig vas

As een van die besigste kantore by die NWU, word die kantoor van die Visekanselier, dr Theuns Eloff, deur me Judy Heymans bestuur. Eish! het haar gevra wat dit verg om so 'n hoëprofielkantoor te hanteer.

V: Wat geniet jy die meeste van jou werk?

A: Ek hou daarvan om 'n betekenisvolle rol te speel in elke dag se werksaamhede. Met dr Eloff se besige program tel elke minuut en is goeie beplanning noodsaaklik.

V: Wat is die grootste uitdagings?

A: Dr Eloff is 'n baie gewilde spreker en kan byna enige groep toespreek. Ek is in beheer van sy dagboek en vind dit moeilik om nee te sê wanneer hy nie beskikbaar is om 'n spesifieke groep toe te spreek nie.

Nog 'n uitdaging is dat elke minuut van elke dag fyn beplan word en dit behels afsprake, reisreëlings en dokumentasie. Dr Eloff woon gemiddeld ses hoëprofielvergaderings per week by, sy dagboek is vir twee maande vooruit volbespreek en sy afsprake begin so vroeg as 07:30 soggens en hou aan tot ná 17:00 in die middag.

V: As jy 'n sekretaresse moes aanstel, waarna sou jy kyk?

A: 'n Sekretaresse moet bereid wees om te leer, 'n positiewe gesindheid en 'n passie vir mense hê en ten alle tye professioneel optree. Sy moet ook kundig en betroubaar wees.

V: Hoe het jou vorige ervaring jou voorberei op hierdie werk?

A: Ek was nog altyd gelukkig om vir hardwerkende en verantwoordelike bestuurders te kon werk. Deur die jare het ek my ook toegerus met die nodige vaardighede en kennis sodat ek my plek volwaardig kan vol staan.

V: Hoe dra jou werk by tot jou persoonlike groei?

A: Ek het uitgevind dat dit vir jouself ook goed is om aan hoë verwagtinge te voldoen.

Verder het ek geleer om verantwoordelik op te tree, die gevolge van my dade te dra en te onthou dat daar altyd 'n plan B is!

V: Watter wysheid het jy opgedoen in hierdie pos?

A: Om te luister ... twee betekenisvolle woorde kan 'n hele sin vorm!

V: Hoe balanseer jy jou werkslewe met jou gesinslewe?

A: Ek probeer in beheer bly. Ek het my kinders geleer om selfstandig en ondersteunend te wees en dit maak die lewe vir ons almal makliker.

V: Wat is volgens jou die eienskappe van 'n goeie bestuurder?

A: 'n Goeie bestuurder moet hardwerkend wees, en hoë waardes en 'n goeie sin vir humor hê. So 'n persoon moet die groter prentjie kan raaksien en besef dat selfs die kleinste takie 'n verskil maak op die pad na die einddoel toe.

V: Is daar iets waarsonder dr Eloff nie kan klaarkom nie?

A: Hy werk onophoudelik. Sy selfoon en rekenaar is van onskatbare waarde vir hom, want terwyl



Me Judy Heymans

hy tussen afsprake en vergaderings reis, maak en ontvang hy telefoonoproepe.

V: Wat is sy gunstelinghappie op kantoor?

A: Hy het 'n baie gesonde leefstyl. Hy eet graag gesondheidsbeskuit en grondboontjies en drink baie water. Wanneer hy in Potchefstroom is, probeer hy om middagete saam met sy vrou, Suzette, te nuttig.

Interessante feite oor Judy

My gunstelingboeke: Ek hou nie van fiksie nie - ek verkies inspirerende boeke wat antwoorde op my vrae het. Ek is ook baie lief vir resepteboeke!

Gestrand op 'n verlate eiland: Ek sal glad nie omgee om saam Jamie Oliver (die "Naked Chef") gestrand te wees nie. Ek dink die etes sal net so interessant soos sy geselskap wees!

Wat ek sal red as my huis afbrand: Ek sal graag wil sê 'n handsak of foto's, maar nee, ek sal my lêer met my belangrike dokumente red: testament, afskrifte van almal se identiteitsdokumente, polisse ens.

My grootste vrees: Vlermuise!

My gunstelingkos: Pasta

My leuse vir kinders grootmaak: Wees vir hulle 'n goeie voorbeeld en oorval hulle met liefde.

My kinders: Ek het vier kinders: Carla (28), Berenice (26), Magna (20) en Aubrey (17).

My beste vakansiebestemming: Enige plek waar die son skyn en die wind nie waai nie!

Dit is wat mnr Frans du Preez, Direkteur in die kantoor van die Vise-Kanselier oor Judy te sê het:

"Te midde van 'n baie besige skedule en 'n magdom inligting wat die Visekanselier bereik, bring Judy 'n groot rustigheid in die kantoor. Sy is nougeset en as jy eenmaal vir haar 'n taak opgelê het, kan jy aanvaar dat sy volle verantwoordelikheid daarvoor sal neem. Sy is ook pynlik netjies - haar lessenaar is meestal so georden dat dit soms lyk of sy nie eens werk het om te doen nie!

Industriële teater 'n wenner

'n Totaal van 899 NWU-werknemers het die 12 industriële teater-vertonings wat gedurende Augustus 2009 op al drie kampusse gehou is, bygewoon. Eish! was daar om hulle indrukke van die produksies te kry.

Me Boitumelo Motlhaba van Toelatings op die Mafikengkampus het gesê die vertoning was insiggewend en dinamies, omdat dit oor verandering gegaan het. **Me Baitse Makolomakwa** van die Departement Bemaking en Kommunikasie op daardie kampus glo dat die gebeurtenis enig in sy soort was. "Dit het getoon hoe positiewe verandering personeellede bymekaar gebring het, en het ons daaraan herinner om ander mense se kultuur te respekteer en mense wat fisiek gestremd is, te aanvaar."

Vir **mnr Willie van die Walt** van die Klipoog-kafeteria op die Potchefstroomkampus was die vertoning 'n baie positiewe ervaring. "Dit is jammer dat almal by die Universiteit dit nie gesien het nie – dalk moet ons so-iets verpligtend maak," het hy voorgestel.

Me Christinah Motswene van die Institusionele Museum en Argief glo dat ons by die NWU goeie vordering maak met interkulturele begrip. "Die vertoning het my daaraan herinner dat ons vir mekaar moet omgee, en veral dat ons gestremde mense in ag moet neem."

Haar kollegas, **mee Johanna Bornman** en **Annette Kellner**, het die vertoning ook leersaam gevind. "Dit het my geleer dat ons mekaar moet aanvaar soos ons is, ongeag ras, geslag of ouderdom," het me Bornman gesê. Me Kellner glo dat dit hoog tyd was dat so 'n opvoering plaasvind en wil graag sien dat almal dit bywoon.

Me Elize Jacobs van die Registrateurskantoor op die Potchefstroomkampus en **me Marianne de Kock** van die Institusionele Kantoor se Departement van Diversiteit, Gelykheid en Menseregte dink ook die vertoning

was waardevol. "Die akteurs was baie goed – en hulle het gedemonstreer hoe mense wat verskil, kan saamwerk," het me Jacobs gesê. Me De Kock het bygevoeg dat die produksie haar daaraan herinner het dat ons nie veroordelend moet wees nie en mekaar moet respekteer.

Me Kelebogile Oompie van Menslike Hulpbronne by die Institusionele Kantoor het gesê dat sy die vertoning nie net geniet het nie, maar ook baie daaruit geleer het. "Dit was fantasties! Ek het geleer dat diversiteit gevier moet word en dat ons altyd ander mense se behoeftes moet probeer verstaan en nie net aan ons eie moet dink nie."

Prof Roy Dhurup, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekkampus, wil graag die organiseerders van die opvoering bedank. "Ek dink dat die produksie baie goed was en die boodskap doeltreffend oorgedra is."

Vir nog 'n Vaaldriehoek-kollega, **me Conny Mohapi**, sekretaresse van die Direkteur: Studentesake, was dit groot pret. "Die boodskap is op 'n baie kreatiewe manier oorgedra, wat regtig tot my gespreek het. My gunsteling-karakter was Tina Turner."

Mozart met sy groot haredos was **me Ronel Strydom** se gunsteling. Me Strydom, sekretaresse by die Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite op die Vaaldriehoekkampus, het die vertoning as "cool" beskryf. "Die feit dat Mozart 'n knippie moes gebruik om sy haardos in plek te hou, het hom nog snaakser gemaak," het sy gesê.

'n Maatskappy van buite, CheHan Ideaneers, het die produksie geregisiseer en opgevoer en musiek as metafoor vir diversiteit te gebruik.



Me Boitumelo Motlhaba



Mnr Willie van der Walt



Me Christinah Motswene



Prof Roy Dhurup



Vanaf links is Stevie Wonder (vertolk deur Duke Motlanthe), Tina Turner (vertolk deur Eloïse Cupido), mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, en Mozart (vertolk deur Jonathan Roxmouth).

Mediese navorsers kry hulp

Die Mediese Navorsingsraad (MNR) van Suid-Afrika het onlangs 'n werkswinkel op die Mafikengkampus aangebied waar navorsers in die gesondheidsberoep hul wetenskaplike voorstelskryfvaardighede kon opskerp.

Die werkswinkel is gekoördineer deur dr David Katerer. Hy is 'n kundige op die gebied van navorsingsvoorstelontwikkeling en 'n spesialis by die MNR se PROMEC-eenheid, waar hulle op kankernavorsing fokus.

By die tweedaagse werkswinkel is inligting ook verskaf oor befondsingsgeleenthede en hoe om beskikbare fondse te bekom.

Die MNR het ook befonding verskaf aan NWU-personeellede van wie sommiges later vanjaar die jaarlikse wêreldkonferensie in Durban gaan bywoon.



Personeel van die Mafikengkampus wat onlangs die Mediese Navorsingsraad se werkswinkel bygewoon het.

Nuwe Setswana-woordeboek op die rakke

Twee personeellede van die Mafikengkampus het onlangs die eerste nuwe verklarende woordeboek vir Setswana sedert 1994 bekend gestel.

Mnr Godfrey Mareme was die hoofredakteur van die woordeboek en mnr Ogadiseng Mokakale die assistentredakteur. Albei is van die Departement Setswana in die Skool vir Menswetenskappe in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

“Om werk van hierdie gehalte te lewer was 'n opwindende proses en dit was 'n plesier om met toegewyde, gemotiveerde en entoesiastiese

mense te werk wat passievol is oor hul taal, hul kultuur en hul erfenis,” het mnr Mareme gesê.

Mnr Mareme is 'n ervare skrywer wat reeds twee bundels kortverhale, 'n drama en 'n studiegids vir graad 12-leerlinge die lig laat sien het.

Die nuwe Setswana-woordeboek is tydens 'n funksie bekend gestel waar een van die eregaste Mmemogolo dr Semane Molotlegi, Koninginmoeder van die Bafokeng-nasie en moeder van die huidige NWU-kanselier, Kgosi Leruo Tshekedi Molotlegi was. Hier oorhandig die uitgewers die woordeboek aan haar.



Implementeer kundigheid tot voordeel van gemeenskap



As 'n verdere stap om hul kundigheid te implementeer, het die Mafikengkampus onlangs 'n ooreenkoms met Mafikeng Industrial Development Zone (MIDZ) aangegaan.

Volgens die ooreenkoms sal die Kampus en MIDZ saam navorsingsprogramme ontwerp. Die navorsingsareas sluit in: beesvleisveredeling, vervoereconomie, veeartsenywetenskappe, mineraalveredeling, omgewingsreg, vaardigheidsontwikkeling, en landbou- en gemeenskapsontwikkeling.

'n Afvaardiging van die twee instellings, onder leiding van Kampusrektor, prof Dan Kgwadi en die Hoof- Uitvoerende Beampte van MIDZ, mnr Tebogo Kebotlhale, het die ooreenkoms onderteken.

Mnr Tebogo Kebotlhale, Hoof- Uitvoerende Beampte van MIDZ (links), dr Mosime, Raadsvoorsitter van MIDZ en prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, onderteken die ooreenkoms.

Alumnus skitter agter die kameras

Dis duidelik dat regisseurwerk natuurlik is vir Me Sanet Olivier, 'n alumnus van die Potchefstroomkampus en tans Direkteur van Homebrew Films wat die televisieprogram, *Shoreline*, vir SABC2 gemaak het.

Behalwe dat sy die regisseur van *Shoreline* is, doen sy ook haar eie kookprogram, ROER!, vir kykNET en het hulle ook met 'n program, Jou show met Emo, begin skiet. Laasgenoemde sal drie weeklikse programme op kykNET en SABC 2 wees.

Ná matriek het me Olivier 'n fotografiëkursus in Stellenbosch gedoen, waar sy vir die eerste keer met videoredigering kennis gemaak het. Sy het toe van prof Attie Gerber by Kommunikasiestudies op die Potchefstroomkampus gehoor. Sy het verneem dat hy praktykgerigte opleiding vir sy studente gee. As hulle eendag klaar maak, het hulle nie net 'n graad nie, maar weet hulle ook hoe om fisies 'n program te maak. "Dit het my oorreed en ek is nie een oomblik spyt nie," sê sy.

Me Olivier was 'n finalejaarstudent in 2003 en het twee jaar later die ATKV-prys vir die beste program in die tydskrif- of leefstylkategorie ontvang.



Me Sanet Olivier en lede van haar produksiespan tydens die verfilming van *Shoreline*.

Carstens nuwe Ondervoorsitter van SA Akademie

Prof Wannie Carstens, 'n gesoute taal-kenner en Direkteur van die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus, is die nuwe Ondervoorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Hierdie eer het nog net twee ander akademië van Potchefstroom te beurt geval. Prof SPE Boshoff was Voorsitter van 1949 tot 1951 en prof TH le Roux van 1951 tot 1952. Albei was destyds aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verbonde, maar toe hulle die ampte beklee het, was hulle nie meer personeel van die Universiteit nie.



Prof Wannie Carstens

Prof Carstens is sedert 1992 'n Akademiëlid en sedert 2001 op die Raad van die SA Akademie. Hy sal van 2009 tot 2011 as Voorsitter dien.

Hoëvlakaanstellings gemaak

Die Potchefstroomkampus het onlangs die eerste swart Direkteur vir die Skool vir Opvoedkunde en eerste swart Vise-Rektor vir die Teologiese Skool aangestel.

Prof Connie Moloi, kenner van onderwysbestuur, is aangestel as Direkteur by die Skool vir Opvoedkunde. Prof Rantoa Letšosa, lektor in die vakgroep Praktiese Teologie en kenner van die liturgie binne die Afrika-konteks, is aangestel as Vise-Rektor van die Teologiese Skool.

Prof Jorrie Jordaan wat Vise-Rektor was, is aangewys as die Rektor van die Teologiese Skool. Die termyn van die huidige Rektor, prof Ben de Klerk, verstryk aan die einde van die jaar.

Vir meer inligting oor hierdie aanstellings, lees gerus die artikels wat op die NWU se webwerf en intranet verskyn.



Prof Connie Moloi



Prof Rantoa Letšosa



Prof Jorrie Jordaan

Dosent woon vooraanstaande somerskool by

Twee PhD-studente van die Vaaldriehoek-kampus, een 'n dosent van dié kampus, was deel van 'n groep van net 24 studente in die wêreld wat in Augustus 2009 'n vooraanstaande somerskool in België bygewoon het.

Me Elize Küng, 'n dosent in die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe, het saam met me Wendy Batterbee die jaarlikse somerskool van die Europese Vereniging vir Onderwysreg en -beleid bygewoon.

Die somerskool is 'n veeleisende twee-weeklange akademiese program aangebied deur die Universiteit van Antwerpen. Die akademiese aanbiedinge bestaan uit gaslesings deur prominente onderwysreg- en Europeseregkenners, besprekings en navorsingsaanbiedinge.



Me Wendy Batterbee (links) and me Elize Küng (regs), het onlangs 'n somerskool in België bygewoon. Voor in die middel is hul studieleier, prof Elda de Waal.



Vanaf links is me Charlotte Bresser, me Anna-Marie Müller me Cecile Muller.

Voormalige dosent stal uit by trapgalery

Me Charlotte Bresser, 'n voormalige dosent verbonde aan die Vaaldriehoek-kampus het onlangs haar kunswerke saam met dié van me Cecile Muller by die Kampus se unieke Trapgalery uitgestal.

Tydens 'n 'Kunskafee' kon die personeel van die Kampus self met die kunstenaars kennis

maak en meer uitvind oor die kunswerke wat ten toon gestel is.

Me Bresser is nie net 'n bekende in plaaslike kunstkring nie, maar spog ook met groep- en solo-uitstallings so ver as New York.

Die Trapgalery is 'n spesiale area by die staaltrappe van die Kampus se nuut ingerigte drie verdiepingbiblioteek. Dit speel 'n belangrike rol in die bevordering van plaaslike kunstalent in die Vaaldriehoek in samewerking met An-Mari's Kunstgalery in Vanderbijlpark.

Hierdie projek behels dat een kunstenaar se werk vir 'n maand in die kampusbiblioteek uitgestal word.

Kampus verwelkom nuwe Direkteur: Studentesake

Die Vaaldriehoek-kampus het onlangs mnr Jacob Simango as die nuwe Direkteur: Studentesake verwelkom.

Mnr Simango was voorheen verbonde aan die Universiteit van die Noorde, UNISA, die voormalige Technikon Pretoria en die Postnet Polokwane Groep, 'n nieregeringsorganisasie.

Hy beskik oor verskeie kwalifikasies, insluitende 'n BA-graad, 'n Hoër Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde, 'n sertifikaat

in Mensehulpbronbestuur en 'n BTech in Onderwysbestuur. Hy is tans besig met sy MTech in Onderwysbestuur.

"Ek is passievol oor die ontwikkeling van jongmense in verantwoordelike landburgers," sê mnr Simango. Hy glo dat die multikulturele studente-omgewing op die Kampus ten alle koste gekoester en gevier behoort te word.

Mnr Jacob Simango.




Skryf in en wen!

Eish!-lesers word weer eens uitgenooi om hulle probleemoplossingsvaardighede in te span en 'n kans te staan om met ons gelukkige trekking 'n korporatiewe geskenk te wen.

Gebruik die berigte in hierdie uitgawe van Eish! om die blokkiesraaisel te voltooi en stuur jou voltooide inskrywing saam met jou naam en kontakbesonderhede aan nelia. engelbrecht@nwu.ac.za of faks dit aan (018) 299 4938. Die eerste korrekte inskrywing van elke besigheidseenheid wat ons trek, sal vir die insender 'n prys wen.

Af:

1. Voornaam van die Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid by die Institusionele Kantoor.
2. Dr Eloff se termyn by hierdie hoër-onderwysorganisasie verval in Desember.
3. Die nuwe kanselier se van.
4. Hierdie taal is 'n erkende taal naas Suid-Afrika se 11 amptelike tale.
5. Samesprekings vind plaas om die Koninklike Bafokeng-nasie by dié instituut betrokke te maak.
6. Dr Theuns Eloff is aangestel as voorsitter van die Vereniging van watter universiteite?
7. Dr Eloff is die medeskrywer van 'n boek wat onder andere deur akademici van hierdie universiteit saamgestel is.
8. Setswana-woord vir Koning.



9. Nege en twintig hiervan is by die NWU geregistreer.

Dwars:

1. Een woord vir die tema van die 2008-jaarverslag.
2. Afkorting vir Hoër Onderwys MIV/Vigs.
3. Die NWU het in 2008 12 337 hiervan toegeken.
4. Die pas aangestelde Kanselier is een van hoeveel kinders?
5. Die Departement van Maatskaplike Ont-

wikkeling het hierdie NWU-forum besoek om potensiële samewerking te ondersoek.

6. Voornaam van die sekretaresse by 'n belangrike kantoor by die NWU.
7. Van watter nasie is die pas aangestelde Kanselier van die NWU?
8. Die Rektor wat aan die einde van 2009 aftree se van.
9. Die nuwe Kanselier is 'n alumnus van hierdie kollege.
10. Hierdie kampus sal in 2010 'n nuwe rektor hê.



Me Keitmetse Hlathi



Mnr Patrick Nice

Hier is die wenners

Te oordeel aan die hope inskrywings wat ons van ons Eish!-lesers ontvang het, is ons blokkiesraaisel besig om baie



Me Tumi Mokoena

gewild te word. Hier is die wenners van die kompetisie wat in die Junie-uitgawe van Eish! verskyn het. Hierdie NWU-personeel het elkeen 'n korporatiewe geskenk gewen.

- Mafikengkampus: Me Keitmetse Hlathi
- Potchefstroomkampus: Mnr Patrick Nice
- Vaaldriehoekskampus: Me Tumi Mokoena
- Institusionele Kantoor: Me Alta van Zyl



Me Alta van Zyl

Steeds gereed vir die ekstra myl

Soos in vorige uitgawes wil Eish! weer eens erkenning gee aan daardie NWU-werknemers wat bereid is om die ekstra myl te loop terwyl hulle hul dagtake uitvoer. Hier is nog 'n paar wat deur waardeerende kollegas genomineer is.

Me Sharlene Botha, sekretaresse van die Direkteur: Inwoning en Voedseldienste op die Potchefstroomkampus is iemand wat nooit aarsel om mense met hul versoeke te help nie. "Sy is altyd vriendelik en doen meer as wat van haar verwag word. As sy iets nie weet nie, vind sy uit en doen groot moeite om terugvoer te gee, ongeag die prioriteit van die saak," sê mnr



Me Sharlene Botha

Willie van der Walt, Algemene Bestuurder van die Klipoog Kafeteria en Drakenstein Restaurant op dieselfde kampus.

Nog 'n NWU-werknemer wat erkenning verdien vir haar toewyding, is **me Dine du Preez** by Akademiese Ontwikkeling en Steundienste op die Vaaldriehoek-kampus.

Me Jackie Slabbert-Redpath van dieselfde afdeling glo dat Dine een van die positiefste mense is wat sy ken. "Wanneer ek die frase 'tweede myl' hoor, dink ek onmiddellik aan Dine. Haar kenmerkende en inspirerende lag in ons gange laat ons almal glimlag.



Me Dine du Preez

Sy is bereid om vir studente sowel as personeel nie net die eerste of die tweede ekstra myl te stap nie, maar selfs die agtste een," sê me Slabbert-Redpath.

Me Anne Freeke van Personeelwelstand by die Institusionele Kantoor wil graag vir **mnr Arno van Tonder** en **me Anne-Marie Snyman** van die voertuigpark op die Potchefstroomkampus as toonbeelde van toewyding nomineer. Hierdie twee is dikwels met dagbreek al by die voertuigpark sodat mense hul motors kan kry, en hulle stap dié ekstra myl met 'n glimlag.



Mnr Arno van Tonder en me Anne-Marie Snyman

Ons almal weet hoe frontpersoneel die beeld van enige organisasie kan maak of breek. Volgens mnr Louis Jacobs, Direkteur: Korporatiewe



Me Ronel Bolton

Kommunikasie, het **me Ronel Bolton** van Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus nie dienslewering net bemeester nie, maar dit op 'n nuwe vlak geplaas. Hy sê dat haar vriendelike en professionele benadering by die hooftoegangshek van die Institusionele Kantoor talle positiewe opmerkings van personeel en besoekers ontlok het. "Sy leef beslis die NWU se doenwaardes van integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek uit. Dankie, Ronel. Jou spontane glimlag het by talle geleenthede 'n andersins vaal dag opgehelder."

Me Mariana Kleynhans van die WorkWell Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskap op die Potchefstroomkampus wil graag sien dat **me Louise Jansen van Rensburg**, ook van WorkWell, erkenning vir haar toewyding ontvang.



Me Louise Jansen van Rensburg

me Kleynhans.

Mnr Koos Degenaar, Direkteur: Kommunikasie en Bemaking op die Mafikengkampus, glo dat **mnr Pheny Mokgothu** (alias Walter, alias Dede) 'n baie lojale en betroubare persoon is wat nooit kla of tyd af vra wanneer hy oortyd moet werk nie.

"Alhoewel hy vir interne kommunikasie aangestel is, is hy altyd bereid om uit te help, waar hy ook al benodig word. Hy moes soms tot tienuur saans saam met die werwingsbeampte werk om vir die Winterskool voor te berei. Hy help studente ook met hul kwartaallike nuusblad en is naweke by



Mnr Pheny Mokgothu

die Sokkerinstituut betrokke. Hy neem sy werk werklik baie ernstig op."

Me Manini Kganakga van Akademiese Ontwikkeling en Steun by die Institusionele Kantoor is nog 'n staatmaker. Me Yolandi Cloete het haar namens daardie afdeling genomineer.

Me Kganakga se kollegas ervaar haar as ondersteunend, professioneel, goed georganiseerd en baie kundig oor kortkursusse, wat haar vakgebied is.



Me Manini Kganakga

"Sy is baie deeglik: voordat sy 'n dokument saamstel, gaan sy biblioteek toe om navorsing oor daardie spesifieke onderwerp te doen om seker te maak dat haar feite korrek is," sê me Cloete.

Prof Lovejoy Malambo van die Departement Landbou-ekonomie en Uitbreiding op die Mafikengkampus wil graag vir **me Karabo Mabe** van dieselfde departement nomineer. Sy het baie moeite gedoen om hulle met die toelatingsproses te help, selfs al was dit nie deel van haar posbeskrywing nie.



Me Karabo Mabe

"Ons boodskapper, **mnr Samuel Sithole**, is verreweg die vriendelikste en hulpvaardigste kollega op die kampus!" sê me Annette Willemse van die Departement Kommunikasie en Bemaking op die Vaaldriehoek-kampus.



Mnr Samuel Sithole

"Ons kampus het 'n 'spook'-stelsel waarvolgens ons aan mense wat verjaar anoniem geskenke gee – Samuel lewer hierdie pakkies af sonder om ooit die identiteit van die 'spoke' bekend te maak!"

As jy graag 'n kollega wat die ekstra myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur 'n e-pos aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of 'n faks na (018) 299 4937. Onthou, hulle verdien ons waardering!

NWU gee die konsortium die groen lig om met Vigs te help

Die Institusionele Bestuur (IB) van die NWU het 'n raadgevende konsortium wat deur Hoër Onderwys MIV/Vigs (HEAIDS*) aangestel is, opdrag gegee om die instelling by te staan om 'n strategiese MIV/Vigs-werkplekprogram te ontwikkel.

Dit volg op 'n aanbieding deur dr Mark Colvin by die IB-bestuursvergadering van 29 Julie 2009 waartydens die sleutelbevindinge bekend gemaak is van 'n situasie-analise wat in September 2008 uitgevoer is.

In sy aanbieding het dr Colvin – 'n projekteer by die konsortium met die sosio-ekonomiese en tegniese konsultantmaatskappy, WYG International, aan die hoof – verskeie negatiewe en positiewe bevindings geïdentifiseer.

“Oor die algemeen is bevind dat die NWU nie 'n strategiese respons op MIV en Vigs binne die werkplek geïmplementeer het nie. Soos dit die geval is by die meeste hoërondwysinstellings in Suid-Afrika, is sommige van die elemente van 'n

werkplekprogram teenwoordig, maar dit is nie omvattend genoeg nie,” het hy gesê.

Positiewe bevindings

Aan die positiewe kant het die NWU wel 'n begroting en 'n bestuursvlak-kampioen en voltydse koördineerder, naamlik me Elana Olivier.

Die NWU is geloof vir sy MIV/Vigs-bekendstellingsprogram vir nuwe personeel, maar die bevindings het getoon dat opleiding oor die algemeen student-geïntereerd is en nie op die personeel fokus nie. 'n Mensehulpbronnbestuursgids om bestuurders met die hantering van MIV en Vigs in die werkplek te help, moet ook ontwikkel word.

Voorkoming

Met betrekking tot voorkoming is bevind dat kondome vanaf die gesondheidsklinieke en kampusse versprei word, maar nie in die personeelareas nie. Alhoewel vrywillige berading en toetsing vir MIV by die klinieke vir die personeel beskikbaar is, maak min gebruik daarvan.

'n Werknemerbystandingsprogram bestaan en behandeling en sorgprogramme is deur mediese skemas beskikbaar, maar lidmaatskap

van laasgenoemde is nie verpligtend nie. Personeellede wat nie 'n mediese fonds het nie, word na staatsprogramme verwys vir behandeling.

Aanbeveling aanvaar

Die IB het dr Colvin se aanbeveling dat die NWU hierdie projek benut, aanvaar. Dié projek bied aan alle hoër ondervysinstellings in Suid-Afrika ondersteuning om hulle eie strategiese MIV/Vigs-werkplekprogramme te ontwikkel.

Hierdie besluit hou die volgende implikasies vir die NWU in:

- Die Direkteur: Gelykheid, Diversiteit en Menseregte sal opdrag kry om die MIV/Vigs-werkplekprogram vir die Universiteit te ontwikkel.
- Toepaslike mense- en finansiële hulpbronne sal aan die projek toegewys word.
- 'n Taakspan sal aangestel word om die MIV/Vigs-werkplekprogram by die NWU te implementeer.
- Die projekkomitee sal die verloop van die MIV/Vigs-werkplekprogram monitor en hersien.

* HEAIDS is 'n inisiatief van die Departement van Onderwys wat deur Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) onderneem word, en word deur die Europese Unie befonds.



ILLUSTRATION:
WILSON MGOBHOZI

Te oordeel aan die kommentaar van die NWU-personeel wat die industriële teater-vertoning bygewoon het, is dit duidelik dat die vertoning sy doelwit bereik het, naamlik om werknemers meer sensitief te maak vir diversiteit en menseregte dwarsoor die instelling.

NWU

- 'n Toonaangewende universiteit

Die Noordwes-Universiteit se unieke karakter bestaan uit uiteenlopende en innoverende dimensies wat oor al ons aktiwiteite en bedrywighede heen strek.

Innoverende leiding

- Die Visekanselier, dr Theuns Eloff is die voorsitter van Hoëronderrys Suid-Afrika sowel as van die Vereniging van Statebondsuniversiteite.
- 2008-wenner van PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir uitnemendheid in Hoëronderrig.
- Die Tegnologies Mees Innoverende Hoëronderrysinstelling in die 2008-kompetisie van die Nasionale Innovasiefonds. Toekenning deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad vir die grootste bydrae tot meertaligheid en nasiebou gedurende die afgelope tien jaar in die Suid-Afrikaanse hoëronderryssektor.

Akademies stabiel en suksesvol

- Meer as 47 000 studente in 2008 op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus.
- 'n Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) van 81,2% in 2008.
- 'n Rekordgetal van 12 337 grade is in 2008 toegeken.
- Het die sesde meeste meestergrade en die vyfde meeste PhD's in die land in 2007 toegeken, altesaam 742.

Kwaliteitsnavorsing en implementering van kundigheid

- 1 089 navorsingsuitset-eenhede in 2008, met 103 Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers, altesaam 11% van akademiese personeel.
- In 2008 het die Universiteit 'n geraamde 510 publikasie-uitseteenhede opgelewer, 'n styging van meer as 100 sedert 2007.
- Die NWU hou 29 RSA-patente, waarvan ses ook in die VSA geregistreer is.
- Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n strategiese prioriteit, met meer as 200 projekte wat tans aan die gang is.

Ontwikkeling van goed afgeronde studente

- Die afgelope vyf jaar onder die topuniversiteite in Suid-Afrika in die belangrikste sportkodes.
- 'n Suksesvolle ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport, 'n Rugby- en 'n Sokkerinstituut, asook 'n Krieket- en 'n Hokkieakademie.
- Kore en kultuurgroepe wat nasionaal en internasionaal hul merk gemaak het.
- 'n Sterk menseregtekultuur met 'n groot verskeidenheid beradings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

Gee die toon aan

www.nwu.ac.za

